

18. Die opstanding en hemelvaart

**Mattheus 28: 1 - 26 ; Markus 16: 1 - 11;
Johannes 20: 1 tot Johannes 21: 23 en
Lukas 24: 1 - 52**

Jesus oorwin die dood

Die Here Jesus is nie net ware mens nie, maar ook waarlik God. Hy sterf nie net vir ons sondes nie, maar oorwin ook Satan en sy engele deur uit die dood op te staan. Daarna gee God aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde om as ewige Koning te regeer. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Jesus Christus se opstanding is 'n bewys dat die dood Hom nie kon vashou nie.
- Soos Petrus het elke gelowige ook 'n pad van geloofsgroei.
- Soos wat Jesus in die hemel opgevaar het, net so sal ons Hom eendag weer sien neerdaal.

Die opstanding

Sondagmôre vroeg het die Here uit die dood opgestaan. Hy is die Here van alle here en die Koning van alle konings. Die dood kon Hom nie vashou nie. Jesus oorwin die dood en koop ons daardeur vry van die mag van die dood.¹²¹ 'n Kort, maar hewige aardbewing vind by die graf plaas. Die soldate is lam van die skrik, maar toe hulle 'n helder blink engel sien, vlug hulle verskrik weg na die stad. Die engel rol die klip, wat die graf se opening toe gemaak het, weg en gaan sit daarop. Ná Jesus se opstanding kom daar nog 'n engel wat saam met die ander engel in die graf gaan sit.

Die leë graf

Die Sondagoggend vroeg, toe dit nog donker is, neem vier vroue die speserye wat hulle gemeng het en gaan daarmee na Jesus se graf. Hierdie vier vroue is Maria, die vrou van Klopas, Maria Magdalena, Salome, die

121 1 Kor. 15: 55 - 57 Dood, waar is jou engel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Die engel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.

vrou van Sebedeus, en Johanna, die vrou van Gusa. Toe hulle in die tuin kom waar die graf is, beseft hulle dat hulle nie sterk genoeg sal wees om die swaar klip voor die ingang van die graf weg te rol nie. Hulle dink daaraan dat hulle mans moes saambring het om hulle daarmee te help. Terwyl hulle nog oor hul probleem beraadslaag, kom hulle naby die graf en in die eerste strale van die son sien hulle dat die klip voor die graf reeds weggerol is.

Die graf is oop en donker asof dit leeg is. Hulle skrik en dink onmiddellik dat slegte mense die liggaam van Jesus uit die graf kom verwyder het. Kon hulle die Here se liggaam nie maar met rus laat nie? Hartseer draai Maria Magdalena om, om aan almal te gaan vertel wat gebeur het. Die ander drie vroue bly egter by die graf staan. Baie hartseer en vol angs gaan hulle die graf binne en sien dat Jesus se liggaam nie meer daar is nie. Eers toe hulle omdraai, sien hulle 'n engel met 'n blink wit kleed by die ingang van die graf. Toe die engel opstaan, sien hulle dat daar nog 'n engel by hom staan.

'n Engel praat met die vroue

Verskrik buig die vroue voor die engel, maar die engele beveel hulle om nie bang te wees nie. Daarna vra die engel aan hulle waarom hulle die Lewende by die dooies soek. Die Here is nie hier nie, want Hy het opgestaan. Hy herinner hulle ook daaraan dat Jesus aan hulle gesê het dat Hy op die derde dag sou opstaan.¹²² Die vroue ontvang die opdrag om aan Jesus se dissipels te gaan vertel dat Hy uit die dood opgestaan het en voor hulle uit gaan na Galilea. Daar sal hulle Hom sien. Nou onthou die vroue Jesus se woorde en gaan haastig met blydschap en vrees om dit vir die dissipels te vertel.

Hulle het nog nie ver gevorder nie, vermoedelik nog in die tuin, toe hulle Jesus onverwags sien. Onmiddellik herken hulle Hom en val blydschap val hulle voor Hom neer en aanbid Hom. Jesus sê aan hulle dat hulle nie bang moet wees nie. Verder moet hulle vir sy dissipels sê dat Hy na Galilea gaan. Hulle moet Hom daar ontmoet. Jesus herhaal die opdrag wat die engel reeds aan die vroue gegee het om alle onsekerheid by hulle weg te neem. Hierdie gebeure is die eerste verskyning van die Here Jesus ná sy opstanding. Later verskyn Hy weer aan hulle en sy dissipels.

¹²² Luk. 9: 22 En Hy sê: Die Seun van die mens moet baie ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en op die derde dag opstaan.

Petrus en Johannes

Toe Maria Magdalena in Jerusalem kom, gaan sy gou na Petrus en Johannes en sê vir hulle dat die Here se liggaam nie meer in die graf is nie. Sy weet nie waarheen hulle Hom geneem het nie. Die twee dissipels gaan onmiddellik na die graf om hulself te vergewis van die situasie. Johannes is eerste daar en buk vooroor om in die graf te kyk. Hy sien die doeke waarin die Here se liggaam toegedraai was, daar lê maar gaan nie self in die graf in nie.

Toe Petrus daar kom, gaan hy die graf binne. Hy sien dat die doeke waarmee Jesus se hoof toegedraai was, mooi netjies opgerol lê. Dit sou rowers nie doen nie. Hulle sou die kosbare doeke nie daar gelos het nie. Toe Johannes ook die doeke sien, kom daar 'n opgewondenheid by hom. As rowers nie die Here se liggaam weggeneem het nie, dan het Hy opgestaan! Hulle besef nou eers wat gebeur het. Nou glo hulle. Saam gaan die twee terug na die stad om dit aan die ander te gaan vertel.

Jesus verskyn aan Maria Magdalena

Nadat Maria Magdalena, wat vroeër deur Jesus van sewe duiwels genees was, aan Petrus en die ander dissipels vertel het dat die graf leeg is, gaan sy terug na die graf. Toe sy daar aankom, is almal reeds weg. Ná 'n ruk buk sy om in die graf te kyk. Tot haar verbasing sien sy twee engele daar sit met wit klere aan, die een waar die hoof en die ander waar die voete van Jesus gelê het. Toe sy die graf binne gaan, vra hulle aan haar waarom sy huil. Sy antwoord dat sy huil omdat hulle haar Here weggeneem het, en sy nie weet waar hulle Hom neergelê het nie. Sy is so hartseer dat sy nie eens besef dat sy met engele praat nie.

Toe Maria omdraai, sien sy 'n Man daar staan. Die Man vra aan haar waarom sy huil en na wie sy soek. Aangesien sy dink Hy is die tuinier, vra sy vir Hom waar hulle Jesus se liggaam neergesit het, sodat sy die liggaam kan gaan haal. Hierop antwoord die Here deur haar op die naam aan te spreek. Sy herken dadelik Jesus se stem en val voor Hom neer met die uitroep: "Rabboeni!" (Dit beteken: "Meester!"). Jesus sê vir haar om nie aan Hom te raak nie, want Hy het nog nie opgevaar na sy Vader nie. Sy moet dadelik na die broeders gaan en vir hulle sê dat die Here gaan opvaar na sy Vader en hulle Vader en na sy God en hulle God. Vol blydschap en vreugde gaan vertel sy aan die dissipels dat sy Jesus gesien het, en wat Hy aan haar gesê het, maar hulle wil haar nie glo nie.

Die bedrog van die owerpriesters

Die Joodse leiers wat gedink het hulle is nou van Jesus ontslae, is ontnugter. Die soldate wat die graf moes bewaak, kom vertel aan hulle van die aardbewing by Jesus se graf en die verskyning van die engel. Gerugte dat Jesus uit die graf opgestaan het, versprei ook vinnig deur die hele Jerusalem en ook die Joodse leiers kom daarvan te hore. Haastig roep hulle die Sanhedrin byeen om te besluit hoe hulle gaan optree.

Die Sanhedrin besluit om die soldate om te koop. Toe die soldate die baie geld sien, stem hulle in om te sê dat Jesus se dissipels in die nag gekom en sy liggaam gesteel het. Die soldate is egter bang dat hulle van pligversuim aangekla sal word as hulle sê dat hulle aan die slaap geraak het, maar die owerstes van die Jode onderneem om die goewerneur te oortuig om hulle nie te straf nie. Daarna neem die soldate die geld en versprei die storie soos hulle met die owerstes ooreen gekom het. Toe die Jode van Jerusalem die storie hoor, glo hulle dit.

Die verskyning aan Petrus

Op daardie eerste dag van die week verskyn die Here Jesus ook aan Petrus. Die Bybel vertel nie waar dit gebeur het, of wat Jesus aan hom gesê het nie, maar slegs dat dit wel gebeur het. Dit is baie betekenisvol aangesien die Here daardeur wys dat Hy Petrus nie verwerp nie, al het hy die Here verloën. Petrus word deur hierdie verskyning in ere herstel deur 'n getuie te wees van die Here Jesus se opstanding.

Die Emmausgangers

Teen die aand van die Sondag loop twee mans in die rigting van die dorpie Emmaus, 13 km van Jerusalem af. Een van hulle se naam is Kleopas. Hulle voer 'n gesprek oor die dood van die Here en die gerugte van sy opstanding. Terwyl hulle nog so loop, kom daar 'n vreemdeling wat saam met hulle stap en hulle uitvra oor hul gesprek. Kleopas vind dit vreemd dat die man nie weet wat in Jerusalem plaasgevind het nie. Die vreemdeling vra aan hom na watter gebeure hul verwys, waarop Kleopas aan Hom vertel hoe hulle gedink het dat Jesus die Messias is, maar dat die owerpriesters Hom toe laat kruisig het. Wat hulle egter nou ontstel, is dat sommige vroue vertel dat Hy uit die dode opgestaan het. Daarop sê die Here vir hulle dat hul harte traag is om te glo dit wat die profete voorspel het en dat die Christus juis moes ly om in God se heerlikheid te kan ingaan.

Daarna begin die Here om dit wat op Hom betrekking het, in die boeke van Moses en die profete aan hulle uit te lê. Nou eers verstaan hulle hoe die hele Ou Testament duidelik aantoon dat die Christus vir ons sondes moes sterf en die dood vir ons moes oorwin.¹²³ Toe hulle by Emmaus kom, sê die vreemdeling dat Hy verder wil reis, maar hulle dring daarop aan dat Hy by hulle oornag. Die aand aan tafel neem Hy die brood en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle. Meteens gaan hulle oë oop en besef hulle dat dit die Here is wat by hulle aan tafel sit. Daarop verdwyn Jesus uit hulle gesig.

Verbaas sê hulle vir mekaar dat hulle harte brandende was toe Hy met hulle op die pad gepraat en die Skrifte uitgelê het. Nou besef hulle dat dit reeds in die uitlê van die Skrif duidelik was dat dit die Here Jesus is. Onmiddellik staan hulle op en reis die 13 km terug na Jerusalem. Hulle soek die elf dissipels en kry hulle waar hulle saam met 'n klomp ander volgelingen van Jesus byeen is. Nog voordat hulle iets kan sê, vertel die dissipels aan hulle dat die Here waarlik opgestaan en aan Simon verskyn het. Daarna vertel die Emmausgangers wat met hulle op pad gebeur het en hoedat die Here Homself aan hulle bekend gemaak het.

Jesus verskyn aan sy apostels

Die Here Jesus se dissipels is nou baie bly en opgewonde, maar ook bang vir die owerpriesters. Die aand is hulle almal, behalwe Thomas, in 'n huis bymekaar, maar hulle het die deure gesluit uit vrees vir die Jode. Skielik staan die Here Jesus by hulle en groet hulle met die woorde: "Vrede vir julle!" Hy wys vir hulle sy hande en sy sy om hulle te oortuig dat dit werklik Hy is. Hulle kan aan Hom vat om seker te maak dat dit Hy is. Toe hulle nog bly twyfel of dit werklik die Here self is, vra Hy aan hulle om vir Hom iets te ete te gee. Hulle gee toe aan Hom 'n stukkie gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek wat Hy voor hulle oë opeet. Daardeur wys Hy bo alle twyfel dat Hy nie 'n gees is nie, maar dat Hy waarlik liggaamlik uit die graf opgestaan het.

En tog is dit 'n andersoortige liggaam. Dit is 'n verheerlikte liggaam wat sigbaar en tasbaar is, maar die beperkinge van ruimte en tyd oorwin het. Daarom kan Hy sigbaar en tasbaar voor hulle staan, en dan uit hul gesig verdwyn. In hierdie verheerlikte liggaam van die opstanding staan Jesus voor hulle en begin hulle toespreek. Hy vermaan hulle oor hul ongeloof. Hulle moes

¹²³ Gen. 3: 15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

immers die getuienis van die vroue aanvaar het. Daarna lê Hy die Skrifte verder uit soos Hy reeds aan die Emmausgangers gedoen het. Hy wys op die uitsprake van Moses, die profete en psalms, en open hul verstand sodat hulle die dinge kan verstaan. Al die Skrifte wys daarop dat die Christus moes ly en sterf. Dit moes so gebeur sodat bekering en vergewing van sondes in sy Naam moontlik kan wees en dit verkondig kan word aan al die nasies.

Jesus se dissipels ontvang 'n nuwe opdrag

Jesus gee nou aan sy dissipels 'n nuwe opdrag. Hulle moet as getuies al die dinge wat hulle gesien en wat die Here hulle geleer het, aan ander oortel. Juis daarom is dit so belangrik dat hulle die Skrifte moet verstaan, aangesien hulle voortaan uit die Skrifte hul boodskap moet verkondig.

Jesus rus hulle egter toe vir hierdie groot taak. Hy skenk nou reeds die Heilige Gees aan hulle om hulle te lei. Aangesien die wind die simbool van die Gees is, blaas Hy op hulle en sê aan hulle om die Heilige Gees te ontvang.¹²⁴ Daardeur word hulle met gesag beklee om die evangelie te verkondig.¹²⁵ Aan diegene wat tot geloof kom, kan hulle verkondig dat hul sondes in Christus vergewe is.¹²⁶ En aan die ongelowiges kan hulle verkondig dat hul sondes met die oordeel van God gestraf sal word.¹²⁷ Nadat die Here aan hulle sy vrede geskenk het, verdwyn Hy uit hulle midde.

Die ongelowige Thomas

Nadat die Here Jesus sy dissipels verlaat het, sluit Thomas hom weer by hulle aan. Hulle vertel hom dat hulle die Here gesien het. Daarop sê Thomas aan hulle dat as hy nie self die merk van die spykers aan die Here

-
- 124 Gen. 2: 7 En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.
- 125 1 Tess. 2: 6 Ook het ons nie eer van mense, óf van julle óf van ander gesoek nie, al kon ons as apostels van Christus met gesag optree.
- 126 Hand. 2: 38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.
- 127 Judas 1: 6 en 7 En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.

se hande sien en sy vinger daarin steek en sy hand in die Here se sy steek nie, sal hy dit nie glo nie.

Agt dae later is die Here se dissipels weer bymekaar. Thomas is ook by hulle. Soos die vorige keer verskyn die Here aan hulle terwyl al die deure gesluit is. Hy groet hulle met die woorde: "Vrede vir julle!" Daarna draai Hy na Thomas en sê vir hom om sy vinger in die spykermerke in sy hande en sy hand in sy sy te kom steek. Thomas moet dit doen sodat hy kan sien en ophou twyfel. Hierop roep Thomas verbaas uit: "My Here en my God!" Die Here sê vir hom dat hy glo omdat hy Hom gesien het, maar salig is die wat glo al het hulle nie gesien nie.¹²⁸

Verskyning by die see van Tiberias

Voor sy dood het die Here aan sy dissipels gesê dat Hy hulle ná sy opstanding in Galilea sal ontmoet.¹²⁹ Ná sy opstanding het Hy hierdie bevel herhaal. Die dissipels vertrek dus na Galilea en laat die ander gelowiges weet dat die Here hulle op 'n sekere berg sal ontmoet. Terwyl hulle wag tot die dag van die ontmoeting, het sewe van die apostels in die See van Galilea gaan visvang. Die hele nag kry hulle geen vis gevang nie. Teen die môre roei hulle terug strand toe en sien iemand op die strand staan. Hy vra aan hulle of hulle nie iets te ete het nie, waarop hulle antwoord dat hulle niks vis kon vang nie. Hierop sê die Man aan hulle om hul net aan die regterkant van die skuit in die see te gooi. Hulle doen dit en gou is die net so vol visse dat hulle dit nie kan uit trek nie.

Johannes weet onmiddellik dat dit die Here is en hy vertel dit aan Petrus. Petrus spring gou in die see en swem na die Here toe. Die ander dissipels kom met die skuit en trek die net op die strand uit. Op die strand is 'n vuur met vis wat daarop braai en brood wat daarby lê. Jesus sê vir sy dissipels om die visse wat hulle gevang het, te bring sodat hulle dit kan braai. Simon Petrus trek die net op die strand uit en hulle tel 153 visse. Toe die vis gaar is, nooi die Here hulle uit om te kom eet. Soos in die verlede neem die Here die brood en vis en deel dit aan sy dissipels uit. Stil en gelukkig eet hulle die eenvoudige maaltyd.

Petrus in ere herstel

128 1 Pet. 1: 8 vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap,

129 Matt. 26: 32 Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galilea gaan.

Ná die ete vra die Here vir Simon Petrus of hy Hom waarlik liefhet, meer as sy ander dissipels. Simon het vroeër baie selfversekerd gesê dat hy die Here nie sal verloën nie, maar dit toe tog drie keer gedoen.¹³⁰ Nou waag hy dit nie om homself beter as die ander te beskou nie. Hy sê net in nederigheid dat die Here weet dat hy Hom liefhet. Daarop sê die Here aan hom om sy lammers te laat wei. Dan vra die Here hom vir die tweede maal of hy Hom waarlik liefhet. Weer antwoord Petrus dat die Here weet dat hy Hom liefhet. "Pas my skape op," beveel die Here hom. Simon voel ongemaklik en skaam, maar die Here het nog nie klaar met hom gepraat nie. Hy het die Here drie keer verloën, en daarom vra die Here hom vir 'n derde keer of hy Hom liefhet.

Nou is Simon Petrus baie hartseer. Dit lyk vir hom asof die Here hom nie glo nie. Daarom antwoord hy dat die Here alles weet en daarom ook weet dat hy Hom liefhet. Die Here antwoord hierop dat hy sy skape moet laat wei. Daarna sê die Here aan hom dat toe hy jonger was, hy rondgegaan het waar hy wou, maar wanneer hy oud is, sal ander mense hom na plekke neem waar hy nie wil wees nie. Hierdie woorde van die Here sou later in vervulling gaan toe Petrus eers gevange geneem is en nog later, ter wille van die Here wat hy liefhet, doodgemaak is.

Op 'n berg in Galilea

Die Here gee nou opdrag aan sy dissipels om Hom op 'n berg in Galilea te ontmoet. Meer as 500 van die Here se dissipels vertrek daarheen om Hom daar te ontmoet. Toe hulle Hom sien, is Hy met onbeskryflike heerlikheid bekleed, sodat hulle voor Hom neerval en Hom aanbid as hulle Koning en hulle God. So geweldig is die Here se verskyning dat sommige selfs twyfel of dit werklik die Here is, maar niemand waag dit om 'n woord te sê nie. Stil wag hulle dat Hy moet praat.

Die Here sê aan hulle dat aan Hom alle mag gegee is, in die hemel en op die aarde.¹³¹ Nou is die Here nie meer die nederige Persoon wat gekom het om te dien nie,¹³² maar Hy verskyn as die Koning van die konings en die Here

130 Matt. 26: 75 En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween.

131 Ef. 1: 20 - 22 wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,

132 Matt. 20: 28 net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.

van die here. Hy beskik oor alle mag in hemel en op aarde. Israel het die koms van 'n koning verwag wat in die beperkte aardse sin vir hulle 'n koning kon wees wat hul van hul vyande verlos, maar nou stel die Here Homself bekend as die Oorwinnaar oor alle vyande van die mens, ook die dood. Hy is die Een wat heerskappy uitoefen en geen mens, of watter mag ook al, kan sy almag stuit nie.

As Koning van God se ryk gee die Here nou bevele aan die burgers van sy ryk. Dit wat die profete eeue gelede geprofeteer het, gaan in vervulling.¹³³ Sy volgelinge, en by name die apostels, moet uitgaan om die evangelie aan alle nasies te verkondig. Diegene wat tot geloof kom, moet gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ook moet hulle geleer word om alles te onderhou wat Jesus aan die dissipels beveel het. In die uitvoering van hierdie opdrag sal hulle baie teenstand ondervind, maar God sal hulle teen gevare beskerm en hul prediking deur wonders en tekens bevestig.

Die Here sluit sy woorde af met 'n belofte aan al sy kinders, dat Hy al die dae met hulle sal wees tot aan die voleinding van die wêreld. Hy sal nie liggaamlik teenwoordig wees nie, maar deur die Heilige Gees sal Hy met hulle wees. Hulle sal Hom sien opvaar na die hemel, en tog bly Hy deur die Gees by die gelowiges tot met sy wederkoms.¹³⁴ Dit is alle gelowiges se troos en bron van krag.¹³⁵ Nadat Jesus dit gesê het, het Hy weer uit die gesig verdwyn.

Die hemelvaart

Ná die gebeure op die berg gaan die elf apostels weer terug na Jerusalem

133 Jes. 66: 18 - 19 Maar Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge versamel; en hulle sal kom en my heerlijkheid sien. En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die ver kuslande wat my tyding nie gehoor en my heerlijkheid nie gesien het nie; en hulle sal my heerlijkheid onder die nasies verkondig.

134 Hand. 2: 2 - 4 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

135 Rom. 5: 3 - 5 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

om daar op Hom te wag. Hier verskyn die Here aan hulle, presies 40 dae ná sy opstanding. Hy beveel hulle om in Jerusalem te wag op die uitstorting van die Heilige Gees. Hulle vra Hom toe of Hy nou die koninkryk vir Israel gaan oprig. Hulle verwag nog steeds dat Hy 'n aardse koninkryk gaan oprig, maar Hy antwoord hulle: "Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en tot aan die uiterste van die aarde."

Hierdie gesprek vind plaas terwyl hulle uit Jerusalem teen die Olyfberg opklim. Toe hulle op die kruin van die berg kom, gaan Jesus staan. Hy hou sy hande seënnend oor sy dissipels uit terwyl Hy voor hul oë na die hemel opstyg. Stil en verbaas staan hulle Hom en agterna kyk, totdat 'n wolk Hom voor hul oë wegneem. Terwyl hulle nog na die hemel kyk, verskyn daar skielik twee engele in wit klere by hulle. Die engele vra aan hulle waarom hulle so na die hemel staar. Die Here Jesus wat van hulle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos hulle Hom na die hemel sien wegvaar het.

Stil en verwonderd loop die elf terug na die stad. Daar gaan hulle na 'n bovertrek waar hulle gewoon is om te vergader. Onder hulle is 'n aantal vroue, onder wie ook Maria, die moeder van Jesus, asook sy broers. Saam volhard hulle in gebed aan die Here hul Koning en Verlosser.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 217 - 224 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 410 - 426 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 680 - 701 p.